**No. 491** **16 Maart 1984**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM, TESAME MET DIE SOGENAAMDE T. S. LANHERNE-GEBOU AS-OOK DIE DRIE NORFORLK-DENNEBOME DAAROP, GELEË IN HUMEWOODWEG, PORT ELIZABETH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom, tesame met die sogenaamde T. S. Lanherne-gebou asook die drie Norfolk-dennebome daarop, geleë in Humewoodweg, Port Elizabeth, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom tesame met die sogenaamde T. S. Lanherne-gebou en die drie Norfolk-dennebome daarop, geleë op Erf 488, 'n gedeelte van Erf 351, Humewood, in die munisipaliteit en afdeling Port Elizabeth en groot 4 925 vierkante meter.

Akte van Toekenning 102/60, gedateer 21 Junie 1960.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie indrukwekkende Victoriaanse huis is in 1894 vir mnr. R. H. Hammersley-Heenen, resident-ingenieur en bestuurder van die spoorweë, opgerig. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is dit gebruik as hersteloord vir soldate, matrose en vlieëniers van wie 1 303 hierbehandel is. In 1960 is dit aan die Munisipaliteit van Port Elizabeth verkoop wat die eiendom in 1967 aan die Internasionale Jeughostelvereniging vir akkommodasiedoeleindes verhuur het. In 1979 het die Vlootkadetkorps die huurkontrak oorgeneem.

Die majestueuse Norfolk-dennebome langs die gebou is gekweek van saad wat van die Kanarie-eilande verkry is. 10/2/1079.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

**No. 491** **16 March 1984**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY TOGETHER WITH THE SO-CALLED T. S. LANHERNE BUILDING AND THE THREE NORFOLK PINES THEREON, SITUATED IN HUMEWOOD ROAD, PORT ELIZABETH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the property together with the so-called T. S. Lanherne building and the three Norfolk pines thereon, situated in Humewood Road, Port Elizabeth, to be a national monument.

*Description*

The property together with the so-called T. S. Lanherne building and the three Norfolk pines thereon, situate on Erf 488, a portion of Erf 351, Humewood, in the Municipality and Division of Port Elizabeth, in extent 4 925 square metres.

Deed of Grant 102/60, dated 21 June 1960.

*Historical and architectural interest*

This impressive Victorian house was erected in 1894 for Mr R. H. Hammersley-Heenen, resident engineer and general manager of the railways. During the Second World War it served as a convalescent home for soldiers, sailors and airmen, 1 303 of whom were treated here. In 1960 it was sold to the Municipality of Port Elizabeth, which in 1967 leased the property to the International Youth Hostel Association for accommodation purposes. In 1979 the Naval Cadet Corps took over the lease.

The majestic Norfolk pines next to the building were cultivated from seeds obtained from the Canary Islands. 10/2/1079.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.